**Donderdag 23 Julie**
**Skrifgedeelte: Jeremia 15:10-21**
**Fokusgedeelte: Jeremia 15:15 (AFR2020)**
**’n Bede om God se lankmoedigheid**

Die HERE het Jeremia geroep om as profeet in Juda op te tree in die laaste jare tot en met die ballingskap. Jeremia was nog jonk (± 16 jaar) toe hy profeet geword het (1:6). Die HERE het hom gestuur as oordeelsprofeet oor Juda en die nasies (1:10; 3:12). Ons Skrifgedeelte val in die tweede tydperk van Jeremia se dienswerk tydens die regering van koning Jojakim. In hierdie tyd moes Jeremia ’n boodskap aan die koning en volk deurgee wat hulle nie graag wou hoor nie: dat die HERE hulle beslis as ballinge in die hand van Babel oorgee. Hulle het hierdie boodskap met groot vyandigheid aangehoor.

Die lyding wat Jeremia deurgemaak het, was ’n treffende voorafskaduwing van die Man van Smarte, Jesus Christus. Die feit dat Jeremia deur die volk verwerp is en onskuldig deur die owerheid gestraf is, was op sigself reeds heenwysings na die lydensweg wat die Messias sou bewandel.

Teen hierdie agtergrond staan hoofstuk 15 waar Jeremia sy lewenslot by die Here bekla. Jeremia is moedeloos – soveel so dat hy wens dat hy nooit gebore was nie. Maar dan hoor ons in vers 15 hoe hy in sy diepste nood tot die Here bid. Dit is ’n eenvoudige gebed. Jeremia vra dat die Here aan hom sal dink, hom sal versorg en reg sal laat geskied. Hy vra ook dat die Here met hom geduld sal hê en hom behoue sal laat bly, ten spyte van die bespotting wat hy ter wille van die evangelie moes deurmaak.

Dit wat hier aan ons geopenbaar word oor die lewe en werk van Jeremia, dien in die eerste plek vir ons tot groot troos. Net soos Jeremia kan ek ook in my diepste nood na die Here toe vlug. Ja, in Christus het ook ek ’n liefdevolle Vader in die hemel wat altyd aan my dink, my versorg en bewaar.

In die tweede plek roep hierdie gedeelte ons op om in ons gebede aan die bedienaars van die Woord te dink. Ons moet bid dat die Here aan hulle steeds die vrymoedigheid sal gee om in uitdagende omstandighede die evangelie van Jesus Christus suiwer te verkondig, tydig en ontydig.

*Sing: Psalm 143-1:1, 8*

*Ds. FJ (Fritz) Potgieter (Bloemfontein-Suid)*